ARKADIUSZ ZUKOWSKI
*W kraju zlota i diamentów: Polacy w Afryce Poludniowej XVI-XX w*
Warszawa: Wydawnictwo Naukowe PWN
1994
312 pp.
Prys onvermeld
ISBN 83-01-11405-3

Die meeste Suid-Afrikaners is daarvan bewus dat daar 'n Poolse gemeenskap in Suid-Afrika bestaan en het by geleentheid moontlik selfs 'n Suid-Afrikaanse Pool ontmoet, maar dit is ongeveer tot waar ons kennis aangaande hierdie besondere groep mense strek. Hier te lande is nog geen wetenskaplike studie oor die rol wat die Pole in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het of hulle bydrae tot die kultuur in Suid-Afrika onderneem nie. Dit is dus verblydend dat daar in Pole 'n historikus is wat hom feitlik uitsluitlik op navorsing oor die kontak tussen Suid-Afrika en Pole toespits.

Arkadiusz Zukowski, 'n Pool in sy dertigerjare, het in Olsztyn opgegroei en sy magistergraad in 1987 aan die Universiteit van Gdansk verwerf met 'n verhandeling oor die verband tussen die sosio-politieke stelsel en die ekonomie in die Republiek van Suid-Afrika. Hy is sedert 1988 aan die Instituut vir Filosofiese en Sosiale Wetenskappe in Olsztyn verbonde. In 1990 is hy tot ondervoorsitter van die Pools-Suid-Afrikaanse Vriendskapsvereniging in Warschau verkies. In 1992 het Zukowski sy doktorsgraad aan die Universiteit van Krakau verwerf met 'n proefskrif wat oor die Pole in Suid-Afrika handel en waarop die boek *W kraju zlota i diamentów* gebaseer is.

*W kraju zlota i diamentów: Polacy w Afryce Poludniowej XVI-XX w*, vry vertaal *In die land van diamante en goud: Pole in Suid- Afrika van die 16de tot 20ste eeu*, is vir verreweg die meeste Suid-Afrikaanse historici ontoeganklik omdat dit in Pools geskryf is. Gelukkig het die uitgewer besluit om 'n uitgebreide opsomming van die inhoud in Engels agter in die boek op te neem. Hierdie bekendstelling van die boek is hoofsaaklik op hierdie opsomming en persoonlike gesprekke met Zukowski gegrond.

Dat Zukowski deeglik navorsing gedoen het, blyk uit die feit dat hy dokumente en publikasies in argiewe, biblioteke en museums in Pole, Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Duitsland, Italië, Groot-Brittanje en die Verenigde State van Amerika geraadpleeg het. Hy het Suid-Afrika herhaaldelik besoek en geen steen onaangeraak gelaat om inligting te bekom en kontak met Pole en Poolse afstammelinge te bewerkstellig nie. Die deeglike navorsing word ook deur die indrukwekkende bronnelys weerspieël. In hierdie bronnelys is onder meer nege artikels uit die pen van Zukowski self opgeneem; een waarvan in 1992 onder die titel "Polish relations with and settlement in South Africa (circa 1500-1835)" in *Historia* verskyn het.

Volgens Zukowski het die kontak tussen Pole en Suid-Afrika 'n aanvang geneem toe Gaspar da Gama, 'n Poolse Jood, in 1499 as matroos aan boord van 'n Portugese skip by die Kaap die Goeie Hoop aan wal gesit het. Hy is in die 16de en 17de eeu deur Poolse sendelinge, wat na die ooste onderweg was, gevolg. 'n Poolse oorlewering wil dit self hê dat die volksplanter Jan van Riebeeck nie 'n Nederlander was nie, maar wel 'n Pool, ene Jan Rybka. Wat wel seker is, is dat twee Pole, Paulus Petkow en Jan Jakub Lisky, in die tyd van Van Riebeeck na die Kaap gekom het en dat laasgenoemde selfs 'n vryburger geword het. Gedurende die 17de en 18de eeu het meer Pole gevolg,

byvoorbeeld die stamvaders van die families Troskie en Latsky.

In die 18de en 19de eeu het heelwat Pole as soldate en matrose in diens van die Franse en Britte na Suid-Afrika gekom, terwyl Poolse reisigers en matrose die land gedurende die tweede helfte van die 19de en begin 20ste eeu besoek het. So het Antoni Rehman byvoorbeeld die flora en inheemse bevolking van suidelike Afrika bestudeer, terwyl Stefan Poraj-Suchecki natuurkundige navorsing in Natal gedoen het en Jan Danysz by die bestryding van runderpes in Transvaal betrokke was. Die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) het 'n tydelike toestroming van Pole tot gevolg gehad, wat daartoe gelei het dat Poolse priesters gestuur is om na hulle geestelike behoeftes om te sien. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die meerderheid Pole die Boeresaak gesteun en het enkeles selfs aan Boerekant geveg. Slegs enkele indiwidue, soos Ignacy Paderewski en Katarzyna Radziwill, was uitgesproke pro-Brits.

Op die sendingstasie Mariannhill in Natal het Pole die boodskap van die Christendom verkondig en die Poolse sendelinge het ook die eerste Poolse tydskrif in Suid-Afrika die lig laat sien. Teen die einde van die 19de eeu het Poolse sendelinge, soos byvoorbeeld vader Jan Malinowski, hulle ook in Duits-Suidwes-Afrika (die huidige Namibië) gevestig, waar hulle nie alleen sendingwerk gedoen het nie, maar ook as bemiddelaars tussen die opstandige inboorlinge en die Duitse owerheid opgetree het.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) is baie Pole in Suid-Afrika geïnterneer, terwyl etlike duisende Pole van Joodse afkoms in die periode tussen die twee wêreldoorloë na Suid-Afrika gekom het. Hierdie nuwe immigrante het hoofsaaklik by die Engelssprekende Suid-Afrikaners aansluiting probeer vind, maar het hulle eie volkskarakter probeer bewaar deur tog Poolse sosiale en kulturele organisasies te stig.

In 1929 is diplomatieke betrekkinge tussen Pole en Suid-Afrika aangeknoop en is 'n Poolse konsulaat in Kaapstad in die lewe geroep, gevolg deur 'n konsulaat in Johannesburg in 1939, waardeur die handelsbande tussen die twee aansienlik uitgebrei is. Dieselfde jaar het die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) uitgebreek en het Poolse soldate vir die eerste keer as lede van die Poolse Weermag Suid-Afrikaanse hawens aangedoen en was daar selfs 'n Poolse militêre kamp naby Pietermaritzburg. Van 1942 tot 1944 is meer as duisend Poolse soldate in Suid-Afrikaanse hospitale behandel, terwyl 500 Poolse weeskinders in 1943 in Oudtshoorn 'n heenkome gevind het.

Na afloop van die oorlog het Poolse immigrasie weer geleidelik toegeneem sodat daar teen 1951 ongeveer 5 000 Pole in Suid-Afrika was. Baie Poolse organisasies is in die groot stede soos Johannesburg, Kaapstad, Pretoria en Durban gestig. Die afkondiging van krygswet in Pole in Desember 1981 het weer eens 'n toename van ongeveer 4 000 Poolse immigrante in die Republiek van Suid-Afrika tot gevolg gehad. Die Poolse gemeenskap in Suid-Afrika word tans op tussen 13 000 en 15 000 geskat.

Die Poolse gemeenskap in Suid-Afrika is baie tradisievas en vier gereeld hulle nasionale en godsdienstige feesdae op tradisionele wyse. Veral die Poolse Rooms-Katolieke gemeente in Johannesburg speel 'n baie belangrike rol om die Poolse gemeenskap in Suid-Afrika te verenig. Die Pole in Suid-Afrika het hulle reeds op die ekonomiese, sosiale en kulturele terreine onderskei, maar hulle bydrae op die politieke terrein was tot dusver gering.

Danksy Zukowski se onvermoeide ywer is die verhaal van die Pole in Suid-Afrika uiteindelik te boek gestel. Die Engelse opsomming dui daarop dat dit 'n boeiende verhaal is. Die personeel van die Poolse ambassade in Suid-Afrika sal aan Pole en Suid-Afrika 'n guns bewys indien hulle hulle daarvoor sou beywer om *W kraju zlota i diamentów* in Engels te laat vertaal. Dié (vir die meeste Suid-Afrikaners) ontoeganklike stukkie Africana verdien dit.

*W kraju zlota i diamentów* is keurig in sagteband uitgegee, bevat drie toepaslike kaarte en is met 'n handige register afgerond.

O.J.O. Ferreira
*Universiteit van Pretoria*